Downloaded from www.mycourses.co.za


higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## HANDELSREG N6

## 20 JUNIE 2018

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


**ALGEMENE OPMERKINGS**

1. Antwoorde en riglyne moenie as die enigste korrekte antwoord beskou word nie.
   Punte moet steeds toegeken word aan antwoorde met 'n soortgelyke betekenis/idee. Semantiese of betekenisverskille kan voorkom en die eksaminator behoort geraadpleeg te word indien onsekerhede tydens 'n nasienriglynbespreking bestaan.

2. Antwoorde moet te alle tye in volsinne wees. Indien antwoorde nie volledig beskryf, omskryf of ontleed is nie, kan volpunte nie gegee word nie. Ondersoek elke vraag noukeurig vir spesifieke besonderhede.

   **Let Wel:** GEEN halwe punte word toegeken nie.

3. Indien 'n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, moet SLEGS DIE EERSTE VIER VRAE, WAT DIE VERPLIGTE VRAAG INSLUIT, nagesien word. In gevalle waar altesaam VIER vrae oorskry is, moet u die vyfde (laaste) vraag skrap deur 'n rooi streep deur daardie afdeling van die antwoordskrif te trek.

   Die nasiener moet sy/haar besluit om nie die betrokke vraag na te sien nie aandui deur die volgende onder aan daardie vraag te skryf. Onderteken asseblief en dateer:

   DIE KANDIDAAT HET MEER AS DIE VEREISTE AANTAL VRAE BEANTWOORD (SIEN EKSAMENINSTRUKSIES 1 & 2).

   Indien enige onsekerheid ontstaan, raadpleeg die eksaminator.

4. Moenie op enige wyse by grensgevalle (onverwerkte telling van 76 tot 79 punte uit 200) inmeng nie. Moenie die punte eensydig verhoog nie. Skryf 'n ondersteunende verklaring in die verslag, en laat die aansuiwering van punte aan die modereringsproses oor.
   'n Praktiese of semesterpunt moet nog by hierdie onverwerkte tellings getel word.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | Waar |
| | 1.1.2 | Onwaar |
| | 1.1.3 | Onwaar |
| | 1.1.4 | Onwaar |
| | 1.1.5 | Waar |
| | 1.1.6 | Onwaar |
| | 1.1.7 | Onwaar |
| | 1.1.8 | Waar |
| | 1.1.9 | Waar |
| | 1.1.10 | Onwaar |

(10 × 2) (20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | C |
| | 1.2.2 | D |
| | 1.2.3 | A |
| | 1.2.4 | A |
| | 1.2.5 | D |
| | 1.2.6 | B |
| | 1.2.7 | C |
| | 1.2.8 | A |
| | 1.2.9 | C |
| | 1.2.10 | B |

(10 × 2) (20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | retensiereghouer |
| | 1.3.2 | beslote korporasie |
| | 1.3.3 | stilswyende hipoteek |
| | 1.3.4 | estoppel |
| | 1.3.5 | beperk deur garansie |
| | 1.3.6 | Turquand-reël |
| | 1.3.7 | inkorporasiesertifikaat |
| | 1.3.8 | bekragtiging |
| | 1.3.9 | skadeloos stel |
| | 1.3.10 | versweë |

(10 × 1) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1
- Goedkoper en minder ingewikkeld om tot stand te bring
- Minder formaliteite om na te kom (geen vennootskapstatute om voor te berei nie)
- Minder lede vereis (1–10 vir 'n BK in plaas van 1–20 vir 'n vennootskap)

(3 × 2) (6)

2.2
- Die registrateur kan die naam weier, indien dit ongewens is.
- Die registrateur kan binne 1 jaar van registrasie gelas dat die naam verander word.
- BK kan self om 'n naamsverandering aansoek doen.
- Naam moet deur agtervoegsel 'CC' of 'BK' gevolg word.
- Likwidasieterminologie 'in likwidasie' moet bygevoeg word
- Vertoon geregistreerde volle naam en registrasienommer sodat die publiek dit in leesbare letters/ontwerp kan sien.
- Alle korrespondensie moet die naam van die korporasie en BK plus registrasienommer bevat.
- Lede wat sake namens die BK bedryf, maar dit nie noem nie, word persoonlik aanspreeklik gehou vir skuld wat so aangegaan word.

(Enige 5 × 2) (10)

2.3
- Dit moet 'n geldige vennootskapsooreenkoms wees en aan vereistes voldoen.
- Aantal vennote: minimum 2 en maksimum 20 persone
- Bydrae deur elke vennoot: eiendom/geld/arbeid/dienste/vaardighede of kennis
- 'n Vennootskap bevorder die belange van al sy lede.
- Die doel is om 'n wins te maak waarin die vennote kan deel. (Enige 4 × 2) (8)

2.4
- Dit verkry regte en pligte van sy eie.
- Dit kan dagvaar en gedagvaar word soos gewone persone.
- Kan huis hou en sake doen – gaan kontrakte aan
- Ewigdurende opvolging (4 × 2) (8)

2.5

2.5.1 'n Prospektus word uitgereik, nie 'n inkorporasiesertifikaat nie.

2.5.2 Die nuwe Maatskappywet (no 71 van 2008) maak nie slegs voorsiening vir die vestiging van maatskappye met aandelekapitaal nie (of winsgeoriënteerde maatskappye, soos 'n openbare maatskappy, maatskappy in staatsbesit, private maatskappy en 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid), maar ook vir maatskappye sonder winsoogmerk, soos 'n assosiasie vir die bevordering van kuns, kultuur of godsdiens.

2.5.3 Verrigtinge om 'n maatskappy te sekwestreer word onderneem deur die meester van die hoë hof, en nie in die distrik waar sodanige maatskappy sake doen nie.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.5.4 'n Onderneming wat in die verkoop van kunswerke handeldryf, kan as enige tipe maatskappy registreer, maar waar sy hoofoogmerk nie is om wins te maak nie, kan hy registreer as 'n maatskappy sonder 'n winsoogmerk ingevolge die nuwe Maatskappywet 71 van 2008 (voorheen bekend as 'n artikel 21- maatskappy ingevolge die ou Maatskappywet.)

2.5.5 Die woord 'beperk' beteken bloot dat die lede van sodanige maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die mate of bedrag van hul belegging (tot die monetêre waarde van hul aandele) in so 'n maatskappy, en dat die lede (of aandeelhouers) nie aanspreeklik is om die maatskappyse skuld te betaal indien die maatskappy gesekwestreer sou word nie. Lede of aandeelhouers kan hoogstens al hul aandele in 'n maatskappy wat gesekwestreer word, verloor.
(5 × 2) (10)

2.6
- As die debiteur die land verlaat/vertrek met die opset om die betaling van sy of haar skuld te ontduik
- Versuim om vereistes van eksekusie teen debiteur na te kom
- Vervreemding van eiendom/poging om eiendom te vervreem, waarvolgens sekere krediteure benadeel word
- Verwydering van eiendom
- Aanbod aan een of meer krediteure om hom/haar volledig/gedeeltelik van skuld vry te stel
- Versuim om volledige vermoënstaat op die sperdatum vir afstanddoening in te dien
- Om skriftelik aan enige krediteur kennis te gee dat hy/sy nie in staat is om sodanige skuld te betaal nie.
- Om in die Staatskoerant kennis te gee van voorneme om onderneming te verkoop/vervreem (Enige 4 × 2) (8)

**[50]**

**EN/OF**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 3**

3.1
- Volle naam van korporasie
- Hoofbesigheid
- Posadres
- Volle naam/ID-nommers/verjaarsdae van lede
- Ledebelang uitgedruk in persentasievorm
- Besonderhede van bydraes (indien enige)
- Naam/posadres van rekenpligtige amptenaar
- Datum van finansiële jaareinde (7 × 2) (14)

3.2 3.2.1
- Nie daarop geregtig nie, tensy vooraf daarop besluit is
- Tensy vennootskap by spesiale dienste baat gevind het
- Oorskry normale dienste
- Redelike vergoeding
- Terugbetaling van uitgawes in diens van vennootskap
- Vir beserings opgedoen in uitvoering van pligte (Enige 3 × 2)

3.2.2
- Vennote is mede-eienaars en het dus 'n reg in hierdie verband.
- Mag in bates deel volgens verhouding wat in vennootskapsooreenkoms bepaal is, of waarop hulle vooraf ooreengekom het
- Indien geen ooreenkoms nie, deel dan in dieselfde verhouding as wat hulle winste sou verdeel (3 × 2)

(2 × 6) (12)

3.3
- Gewone aandele
- Uitgestelde aandele
- Voorkeuraandele
- Kumulatiewe voorkeuraandele
- Afkoopbare aandele
- Geen keuse gewone aandele (Enige 4 × 2) (8)

3.4
- Wanneer 'n geldige skuld deur die partye vasgestel en erken word.
- Wanneer albei partye die bedoeling het dat die skuld sal bestaan, selfs al is die artikel wat verpand is nie in die krediteur se besit nie.
- Indien die artikel nog afgelewer/oorhandig moet word en beskadig is of gesteel word (3 × 2) (6)

3.5
3.5.1 Eiendomsagent
3.5.2 Afslaer
3.5.3 Makelaar

(3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.6 EK STEM NIE MET HIERDIE STELLING SAAM NIE.

Rede/motivering:
Private en publieke maatskappye raak insolvent of bankrot, ongeag of hulle aan ondernemingsredding onderwerp word, omdat ondernemingsredding slegs toegepas of versoek word as daar goeie rede bestaan om te glo dat, in plaas daarvan om 'n maatskappy te sekwestreer, sodanige maatskappy steeds finansieel kan herstel as hy onder geregtelike bestuur of beheer is. (4)
**[50]**

**EN/OF**

**VRAAG 4**

4.1
- Geld
- Eiendom
- Dienste (3 × 2) (6)

4.2
- 'n Minderjarige kan slegs 'n lid van 'n BK word wanneer hy of sy minstens 18 jaar oud is.
- 'n Voog van 'n minderjarige moet skriftelike toestemming vir die minderjarige se lidmaatskap van die BK indien.
- Waar sodanige minderjarige, soos hierbo beskryf, skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, korrupsie, vervalsing, uitgee van 'n vervalste dokument, meineed (6)

4.3 VIR VENNOTE: Kan gesamentlik en afsonderlik vir vennootskap se skuld gedagvaar word
Vennote se mandate word gekanselleer/beëindig
Plig om aan oorblywende vennote verantwoording te doen

VIR BUITESTANDERS:
Indien krediteure, kan vennote gesamentlik en afsonderlik vir skuld dagvaar (Enige 2 × 2) (4)

4.4
- Indien vennoot stilswyend tot voordeel van die vennootskap gehandel/gekontrakteer het
- Indien handelinge met die behoorlike uitvoering van die besigheid gepaard gaan.
- Indien handelinge binne die bestek van die vennootskap se besigheid val (3 × 2) (6)

4.5
- As 'n vennootskapboedel gesekwestreer word, sekwestreer die hof ook die boedels van elke individuele vennoot.
- Is nie van toepassing op en commandite- of spesiale vennote nie.
- 'n Vennoot kan aan sekwestrasie van sy of haar afsonderlike boedel ontkom as hy of sy onderneem om al die skuld van die vennote binne 'n gespesifiseerde tydperk te betaal, en voldoende sekerheidstelling/waarborg in hierdie verband gegee het. (3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.6
- Alle sodanige kontrakte moet op skrif gestel word.
- Die persoon wat die kontrak aangaan, moet verklaar dat hy of sy as 'n verteenwoordiger of trustee optree vir die maatskappy wat nog gestig moet word.
- By registrasie moet die akte van inkorporasie die aanvaarding van enige sodanige kontrakte as een van sy oogmerke bevat.
- Twee afskrifte van alle sodanige kontrakte (waarvan een deur 'n notaris gesertifiseer moet wees) moet die indiening van die memorandum by registrasie van die maatskappy vergesel.
- Ná inkorporasie moet die maatskappy die kontrak/te aanvaar of bekragtig. In die geval van 'n maatskappy met aandelekapitaal, behoort so 'n maatskappy reeds daarop geregtig te wees om te begin sake doen. (8)

4.7
- Voorreg van sessie van aksies (beneficium cedendarum actionum)
- Voorreg van uitwinning (beneficium excussionis)
- Voorreg van skuldsplitsing (beneficium divisionis) (3 × 2) (6)

4.8
- Insolvente debiteur verloor beheer oor sy of haar boedel en is nie in staat om sy of haar bates te vervreem of te verkwis nie.
- Alle krediteure word beskerm in die sin dat sekere krediteure nie mag optree op 'n wyse wat slegs hulle voordeel laat trek uit die sekwestrasie en sodoende die regte van ander krediteure benadeel nie.
- Opbrengs van die insolvente boedel word pro rata onder alle krediteure verdeel, met uitsondering van preferente krediteure. (Enige 2 × 2) (4)

4.9
- Bergingsretensieregte
- Verbeteringsretensieregte (2 × 2) (4)

**[50]**

**EN/OF**

**VRAAG 5**

5.1
- Elke lid moet geld, eiendom of dienste bydra.
- Die omvang van elke ledebelang moet in 'n persentasie (totaal 100%) uitgedruk word.
- Kan lid word deur 'n staande lid of sy bestorwe boedel of deur toelating van 'n bykomende lid deur huidige lede wat hul belang verklein om 'n nuwe lid te akkommodeer.
- Kan 'n ledebelang by 'n bestaande lid bekom (verkoopstransaksie)
- Waar 'n lid se boedel gesekwestreer word, kan die kurator die ledebelang aan bestaande lede of 'n buitestander verkoop.
- Deur middel van 'n beslissing in 'n testament, tensy die bestaande lede beswaar daarteen opper en die belang aan die korporasie, lede of buitestanders verkoop word. (Enige 4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.2 5.2.1 'n Vennootskap kan nie uit enige getal vennote bestaan nie; lidmaatskap of vennootskap is beperk tot 'n minimum van 2 en maksimum van 20 persone.

5.2.2 Sodra die vennootskapstatute opgestel is, word die vennootskap geag regtens te bestaan; geen registrateur van maatskappye of inkorporasiesertifikaat word uitgereik nie.

5.2.3 Wanneer 'n vennoot aftree of sterf, ontbind die vennootskap. 'n Vennoot kan nie bloot 'n plaasvervanger vir hom of haar nomineer nie, aangesien die vennootskap ontbind en die oorblywende vennote moet besluit oor die weg vorentoe, mits die totale getal vennote nie op enige gegewe tydstip 20 oorskry nie.

(3 × 2) (6)

5.3
- 'n Persoon moet 'n bydrae lewer of onderneem om dit te doen (die bydrae lewer) en sodanige bydrae lewer voordat die persoon as 'n vennoot geag sal word.
- Hierdie bydrae word onvoorwaardelik gedoen, en kan die vorm aanneem van nie slegs geld nie, maar ook vaardigheid, roerende of onroerende eiendom of goedere, kennis of selfs persoonlike dienste aan die vennootskap. (4)

5.4
- Die bevoegdheid om die vennootskap te verteenwoordig moet bestaan – vennote moet behoorlik gemagtig wees om die vennootskap aan kontrakte/geregtelike handelinge te bind (uitdruklike of stilswyende magtiging).
- Gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van elke vennoot moet duidelik wees. (2 × 2) (4)

5.5
- Daar word veronderstel dat enige persoon/persone wat met 'n maatskappy kontrakteer, duidelik kennis van die memorandum en artikels dra.
- Waar derde persone en 'n maatskappy 'n verhouding het wat ʼn ultra vires-transaksie behels, is sodanige transaksies nie meer nietig nie.
- Daar kan nie verwag word van mense wat met die maatskappy sake doen, om kennis te dra van onreëlmatighede of konflik in die interne bestuur van die maatskappy nie. (Enige 2 x 2) (4)

5.6
- Afskrif van onderskrywer se kontrak/beëdigde verklaring om verpligtinge na te kom (8)
- Skriftelike bevestiging deur ouditeure, prokureurs, en maatskappybankiers dat hul name in die prospektus mag verskyn.
- Afskrif van elke wesenlike kontrak wat in die prospektus genoem word
- Skriftelike toestemming om as direkteur op te tree (4 × 2)

5.7
- Dit bewys dat alle voorgeskrewe dokumente vir registrasie voorgelê is en dat die maatskappy regtens geregistreer is.
- Die maatskappy het 'n regspersoonlikheid afsonderlik van sy lede bekom. (2)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.8
- Geregtelike verbande of verbande volgens hofbevel
- 'n Verband op die debiteur se eiendom word deur middel van 'n hofbevel aan die krediteur gegee. In so 'n geval kan die krediteur die debiteur se eiendom verkoop, die verskuldigde bedrag neem en die saldo (indien enige) aan die debiteur teruggee. (2 × 2) (4)

5.9 Waar die insolvent ooreenkomste met sekere krediteure aangaan wat ander krediteure benadeel Sodanige handelinge/reëlings is vernietigbaar, en wanneer dit aan die lig kom, word alle handelinge omgekeer.

TWEE VOORBEELDE: Beskikkings sonder waarde
Vernietigbare voorkeur
Onbehoorlike voorkeur (Enige 2 voorbeelde)
(2 × 2) (6)

5.10
- Waar die krediteur 'n gelikwideerde eis vir nie minder nie as R100 teen die debiteur het
- Twee/meer krediteure wat gemiddeld eise van nie minder nie as R200 teen die debiteur het
- Debiteur het 'n insolvensiehandeling gepleeg of is insolvent. Rede om te glo dat dit voordelig vir krediteure is indien debiteur se boedel gesekwestreer word (Enige 2 x 2) (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou